# KABOUTER KAMPUS



**Cell: 073 1755 353**
**Kabouter Kantoor: 071 028 7336**
**E-mail: wilnabekker@hotmail.co.za**
**Brahm str 3, SW5, Vanderbijlpark**

**Inligtingstuk vir 2026** **Mrt 2026**

Baie dankie vir u navrae by ons trotse skool. Ons ontwikkelings program is vir kinders **15maande tot 6jaar.**
In hierdie 6 jaar van u kind se lewe gebeur die hele brein ontwikkeling en daarom is dit die heel belangrikste tyd van hul lewe. Hier vorm die hele fondasie waarop hul in die toekoms alles verder bou. Ons unieke beweging en groot motories georiënteerde program stuur jou kind dus met 'n voorsprong die wêreld in.
Ons glo dat **liefde** die belangrikste sleutel is tot alle sukses.
Wat maak ons **unieke en doelgerigte program** anders?

- Ons unieke program fokus op algehele kinderontwikkeling, afronding en voorbereiding vir kinders om te voldoen aan die vereistes van kinderontwikkeling en hul mylpale wat lei tot skoolgereedheid.
- Ons bied 'n perfekte balans tussen stimulering en speel wat gerig is op skoolgereedheid.
- Ons stabiele omgewing lewer sekuriteit wat kwaliteit onderrig bied waar hulle speel-speel op elke ouderdomsvlak spontaan ontwikkel.
- By ons doen hulle daagliks 'n **volledige program** wat in Afrikaans medium aangebied word. Dit is saamgestel uit al die jare se kurrikulums waar ons alles behou het wat goud werd is vir u kind.
- Ons gekwalifiseerde personeel en ruim klasse met tussen 10 tot 15 maats (afhangende van hul ouderdom) verseker dat u kind genoeg liefde en individuele aandag kry.
- By ons junior afdeling is klasse heelwat kleiner wat dan kontaktyd met kinders verhoog en verbeter. Hulle het ook almal 'n assistent wat voltyds help.
- Ons glo dat gelukkige gestimuleerde kinders tot spontane ontwikkeling lei. Personeel is toegewy en werk met deernis en liefde om 'n verskil te maak in u kind se lewe.
- U kind se Sensoriese speel, Groot-motoriese en NeuroPlay bewegings programme is ingesluit by u fooi aangesien dit deel is van ons kurrikulum.
- U ontvang 2 keer per jaar 'n gedetailleerde Kabouter Kampus vorderingsverslag en gereelde terugvoer.

**Algemene inligting**

**Tye:** Ons is oop tussen 6h45 -17h15. Ontbyttyd is vanaf 7h45 tot 8h15. Ons klas-program begin ongeveer 8h15.
**Ons fooie vir 2026 is as volg:** Ons Voldag fooi is R3950 en Halfdag fooi is R3500. Twee kinders uit dieselfde gesin kry bietjie afslag en betaal R7500 en vir halfdag R6800.
**Kos wat ingesluit is,** is ontbyt, middagete en broodjies 3uur. U verskaf daagliks self aan u kind 'n kos blikkie wat fokus op vrugte, jogurt of enige gesonde kos wat u kind omstreeks 10h00 eet.
Ons het 'n **Eenmalige aansluitings fooi** van R1500 wat u kind se skryfbehoeftes insluit met geen addisionele skryfbehoeftes wat julle in Januarie moet stuur nie.
**Buitemuurs beskikbaar by ons Middel groep en Seniors is:** Little readers, Witjassies, Kindermusiek, Golf, Sokker, Champ Rugby, Dans Muis, Tennis en Abagility Maths.

Hoogtepunte om na uit te sien elke jaar is ons sportdag, blomplantdag, Cupcake dae en Senior revue.
Gaan loer gerus op Kabouter Kampus Opvoedkundige Sentrum se Facebook bladsy of Instagram waar julle alles kan sien wat ek nie genoem het nie. Onthou om ons te 'follow'

**Maak asb. seker dat ons vroegtydig u aansoekvorm terug ontvang om u kind se naam op ons sisteem te kry. U sal daarna die bankbesonderhede ontvang om u aansluitingsfooi te betaal.**

Ek kan met trots noem dat ons kinders en ouers baie gelukkig is. Ons sien uit daarna om julle beter te leer ken.
Kabouter groete,
Wilna Bekker en personeel